



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2023

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAAGSTEL 2**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye + 1 formulêreblad en 'n antwoordboek van 11 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers word verskaf aan die agterkant van die vraestel. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Wys ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar van toepassing, wys al die berekeninge tot **EEN** desimale plek.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE te oortreef nie.

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd in minute
1.	Bankversorping	40	32 minute
2.	Kredietrekening	25	20 minute
3.	Vaste Boes en Bankrekening	55	44 minute
4.	Finansiële Aanwysers	30	24 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: BANKVERSOENING

(40 punte; 32 minute)

1.1 WAAR OF ONWAAR

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs “Waar” of “Onwaar” langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

- 1.1.1 Kontant onttrekkingsfooi en rente op oortrokke rekening op 'n Bankstaat word aangeteken as bankkoste in die Kontantbetalingsjoernaal. (1)
- 1.1.2 Dit is nie nodig om 'n Bankversoeningstaat op te tel nie omdat die bankstaat altyd die korrekte saldo sal aantoon. (1)
- 1.1.3 Die dokument wat ontvang word deur 'n kliënt wat goedere op krediet gekoop het, word 'n kwitansie genoem. (1)
- 1.1.4 'n Kredietsaldo op die Bankstaat verteenwoordig 'n gunstige saldo vir die besigheid. (1)
- 1.1.5 Wanneer 'n besigheid goedere aan die krediteur teruggeef, word die goedere vergesel met 'n kredietnota. (1)

1.2 BANKVERSOENING

GEVRA:

Gebruik die volgende inligting om die rekeningkundige rekords van Zulu Winkels vir Junie 2023 te sien:

- 1.2.1 Voltooi die KOJ en KBJ-tabelle op die tabel wat voorsien is. (14)
- 1.2.2 Bereken die korrekte bankrekening saldo in die Algemene Grootboek op 30 Junie 2023. Verskaf TWEE berekeninge. (5)
- 1.2.3 Berei die Bankversoeningstaat voor op 30 Junie 2023. (12)
- 1.2.4 Verwys na INLIGTING J: Deposito van R12 700 op 20 Junie 2023. Verduidelik hoekom die boekhouer bekommerd moet wees oor die deposito. Verskaf TWEE redes. (4)

INLIGTING:

Die boekhouer van Zulu Winkels het die Bankstaat wat gedurende Junie 2023 van Kings Bank ontvang is, vergelyk met die Bankversoeningstaat vir Mei 2023 en die Kontantjoernale vir Junie 2023. Die volgende verskille het aan die lig gekom:

- A. Die Bankrekening in die Algemene Grootboek het 'n debietsaldo van R21 800 op 1 Junie 2023 getoon.
- B. Voor die inspeksie van die Junie-bankstaat was die voorlopige totale vir die Junie 2023 Kontantjoernale: KOJ R116 400 en KBJ: R132 500.
- C. Bankkoste van R1 150 en rente op 'n debietsaldo van R230 verskyn op die Junie 2023 Bankstaat maar nie in die betrokke Kontantjoernale nie.
- D. EFO ontvang van 'n debiteur is korrek aangeteken as R5 300 op die Bankstaat vir Junie 2023, maar is verkeerdelik as R3 500 in die betrokke Kontantjoernaal aangeteken.
- E. 'n Deposito van R2 190 ontvang op 25 Junie 2023 vir verkope was in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken as R2 900.
- F. 'n Debiteur het R1 000 direk in Zulu Winkels se Bankrekening inbetaal om sy rekening van R1 100 te vereffen. Dit verskyn slegs op die Bankstaat vir Junie 2023.
- G. Die jaarlikse versekeringspremie vir die eienaar se persoonlike voertuigversekering is betaal met 'n debietorder vir R1 440. Die transaksie verskyn slegs op die Bankstaat vir Junie 2023.
- H. Die debietorder van selfoondra, R1 440, was nie in die betrokke Kontantjoernaal aangeteken nie. Dit was ook verkeerdelik twee keer aangeteken op die Bankstaat vir Junie 2023.
- I. 'n Deposito vir R22 500, gedateer 23 Junie 2023, was nie aangeteken in die betrokke Kontantjoernaal maar verskyn op die Bankstaat vir Junie 2023.
- J. 'n Deposito vir R11 700, gedateer 20 Junie 2023, kom nie voor op die Bankstaat vir Junie 2023 nie. Die bedrag kom slegs voor in die Kontantontvangstejoernaal.
- K. Huur van R9 000, ontvang op 30 Junie 2023, is opgeteken in die betrokke Kontantjoernaal vanaf die bewys van betaling wat van die huurder ontvang is. Die transaksie kom nie voor op die Bankstaat vir Junie 2023 nie.
- L. Die volgende EFO's, almal gedateer vir 30 Junie 2023, is nie op die Bankstaat vir Junie 2023 getoon nie:
 - EFO 778 R 6 200
 - EFO 791 R 520
 - EFO 797 R 1 260

M. Op die Bankstaat vir Mei 2023, is die rentebedrag van R355 wat van die bank ontvang is vir 'n positiewe banksaldo, per abuis gedupliseer. Daar is egter bevind dat die fout nog nie deur die bank op die Junie 2023 Bankstaat reggestel is nie. Die fout is reggestel op die Bankversoeningstaat vir Mei 2023. Die bank het die versekering gegee dat die fout in Julie 2023 reggestel sal word.

N. Die Bankstaat toon 'n sluitingsaldo van R ? op 25 Junie 2023.

40
VRAAG 2: KREDITEUREVERSOENING
(25 punte 20 minute)

Die eienaar van Sunrays Kwekery, Me. Flowers, vra jou hulp met die rekonsiliasie van 'n krediteur se rekening Rose Handelaars. Me. Flowers is van mening dat haar besigheid slegs R3 266 aan Rose Handelaars skuld en sy is daarom ontsteld dat die staat wat sy ontvang het 'n uitstaande bedrag van R16 727 reflekteer.

GEVRA:

2.1 Stel die korrekte rekening vir Rose Handelaars in die Krediteurgrootboek van Sunrays Kwekery op. (14)

2.2 Stel die Krediteureversoeningstaat vir 30 April 2023 op. (11)

INLIGTING:

A. Die volgende rekening verskyn in die Krediteurgrootboek van Sunrays Kwekery op 30 April 2023:

Besondered	Debiet	Krediet	Saldo
April			
1 Saldo		2 000	2 000
3 Korting 417		600	2 600
6 Faktuur 568		3 850	6 450
10 EFO 1048	3 630		2 820
Korting (EFO 1048)	330		2 490
11 Faktuur 619	1 870		620
Debietnota 72	297		323
13 Faktuur 342		5 200	5 523
20 Debietnota 75	350		5 173
24 EFO 1059	2 420		2 753
Korting (EFO 1059)	242		2 511
26 Faktuur 2301		4 400	6 911
30 EFO 1067	4 050		2 861
Korting (EFO 1067)		405	3 266

- B. Op 30 April 2023 het Me. Flowers die volgende rekeningstaat van Rose Handelaars ontvang:

Besonderhede		Debiet	Krediet	Saldo
April				
1	Saldo	2 000		2 000
6	Faktuur 338 (Verkope)	3 850		5 850
10	Kwitansie 1104 (Betaling ontvang)		3 630	2 220
	Korting ontvang op kwitansie 1104		363	1 857
11	Kredietnota 143 (Afslag)		270	1 587
15	Faktuur 342 (Verkope)	5 720		7 307
19	Faktuur 347 (Verkope)	2 310		9 617
20	Kredietnota 145 (Toegestaan)		350	9 267
24	Kwitansie 1112 (Betaling ontvang)		2420	6 847
	Korting ontvang op kwitansie 1112		421	6 426
29	Faktuur 351 (Verkope)	10 001		16 427

- C. Die inskrywing op 3 April 2023 in die rekening van Rose Handelaars in die Krediteuregrootboek is verkeerd, die bedrag was ontvang van 'n debiteur, Palm Tree.
- D. Me. Flowers het 'n reëling met Rose Handelaars dat 'n 10% korting ontvang sal word vir elke betaling wat gemaak word binne die inskrywings op die 10^{de} en 24^{ste}).
- E. Faktuur 619 vir R1 870 op 11 April 2023 in die rekening van Rose Handelaars in die Krediteuregrootboek, is ten opsigte van voorraad wat op krediet aan Plants Galore verkoop is.
- F. Op 11 April 2023 is 'n inskrywing vir R297 (debietnota 72) in die Krediteure-afslagjoernaal gemaak wat handelaar 'n afslag van Rose Handelaars. Daar is vasgestel dat die transaksie korrek in die Krediteuregrootboek gemaak is.
- G. 'n Fout is gemaak met die oorboeking van die inskrywing op die 15 April vanaf die Krediteure-afslagjoernaal na die rekening van Rose Handelaars. Die bedrag is korrek op die rekeningstaat wat ontvang is.
- H. Faktuur 347 op 19 April 2023 op die staat van Rose Handelaars was ten opsigte van 'n ander klant, Reaping Rose.
- I. Faktuur 230 vir R4 400 op 26 April in die rekening van Rose Handelaars in die Krediteuregrootboek is foutiewelik na die rekening oorgeboek, in plaas van na die rekening van Bark Handelaars.
- J. Die verkope van R10 001 wat op 29 April 2023 in die staat van Rose Handelaars weerspieël word, was beslis vir Sunrays Kwekery.
- K. 'n Oorboekingsfout het in die boeke van die besigheid voorgekom, vir die korting (EFO 1067) wat nog reggestel moet word.
- L. Sekere inskrywings verskyn nie op die staat nie aangesien die staat op die 27 April 2023 gestuur is, terwyl die Krediteuregrootboek voortgaan tot 30 April 2023.

VRAAG 3: VASTE BATES EN BATEVERKOPE

(55 punte; 44 minute)

3.1 PASITEMS

Pas die woorde/frases in Kolom A by die beste definisie/verduideliking in Kolom B. Skryf slegs die letters (A – G) langs die vraagnommer (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

(5)

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Nie-bedryfsbate	A	'n Besitting wat vir minder as 'n jaar in die besigheid bly en gebruik word om inkomste te genereer
3.1.2	Bateverkope	B	Wanneer die besigheid besit deur 'n persoon wat die nuttige lewensduur van 'n vaste bate verby is en hulle die bate as onttrekkendeur dit te skrap, te verkoop of te skenk.
3.1.3	Historiese koste	C	'n Beheerinstrument wat die besonderhede van elke individuele vaste bate in die onderneming en die vermindering daarvan aan te teken
3.1.4	Waardevermindering	D	'n Besitting wat langer as 'n jaar in die besigheid bly en gebruik word om inkomste te genereer
3.1.5	Wesenlikheids	E	Klein bedrae wat geen werklike relevansie het nie hoef nie afsonderlik geopenbaar te word volgens die AARP-beginsel nie.
		F	Die vermindering in die waarde van 'n vaste bate, gewoonlik as gevolg van slytasie
		G	Die oorspronklike kosprys van 'n vaste bate moet volgens die AARP-beginsel aangeteken word

3.2 ... word voorsien van die inligting met betrekking tot KG Handelaars op 30 Junie 2023, ... einde van die rekeningkundige tydperk:

GEWAG:

Gebruik die inligting wat verskaf word om die volgende te voltooi:

- 3.2.1 Waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig op 30 Junie 2023. Gebruik die tabel wat voorsien word as 'n riglyn. (16)
- 3.2.2 Bateverkoperekening in die Algemene Grootboek (8)
- 3.2.3 Berei Nota 3 voor oor Vaste Bates. Toon berekeninge aan waar nodig. (19)

INLIGTING:

Saldo's op 1 Julie 2022

	Kosprys	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Grond en geboue	400 000	(0)	400 000
Voertuie	300 000	(76 000)	224 000

TRANSAKSIES:

30 September 2022

- Aanbouings aan die geboue ten koste van R120 000
- Herstelwerk aan die stoorkamer wat die eienaar R25 000 kos

31 Desember 2022

- Ruil 'n ou motor in vir R55 000 op 'n nuwe motor vir R150 000 van Spring Motors. Die voertuig was gekoop op 1 Julie 2020 vir R100 000.

Berekening van Waardevermindering

- Op voertuie teen 20% per jaar op die boekwaarde

3.3 INTERNE KONTROLE VAN BATES

GEVRA:

Beantwoord die vrae wat aan die gevallestudie hieronder verband hou.

INLIGTING:

Jeanette Rowls is die eienaar van Hout Online, 'n aanlyn winkel wat haarprodukte verkoop wat by jou huis afgelewer word. Jeanette het onlangs 'n gebou in Springs gekoop wat sy as kantoor sowel as stoortasie gebruik. Die besigheid het 2 mini-bussies wat Jeanette tweedehands gekoop het; elk met hul eie bestuurder, skootrekenaars en 1 drukker. Jeanette het jou hulp gevra met die volgende:

3.3.1 Jeanette is bewus daarvan dat die meeste bates waarde verloor as gevolg van normale slytasie. Watter vaste bate depresieer gewoonlik nie aan die einde van die finansiële jaar nie? Verduidelik kortliks hoekom hierdie bate nie depresieer nie. (2)

3.3.2 Jeanette neem elke dag die skootrekenaars huis toe vir haar kinders om te gebruik sodat hulle toegang tot aanlyn lesse kan kry. Verduidelik hoe die waardevermindering vir hierdie skootrekenaars hanteer sal word. Verwys na die toepaslike AARP-beginsel in jou antwoord. (3)

3.3.3 Jeanette het opgemerk dat een van die mini-bussies se kilometerlesing hoër is as wat dit behoort te wees. Gee EEN praktiese oplossing oor hoe sy hierdie probleem kan oplos. (2)

EXEMPLAR

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS

(30 punte 24 minute)

Jy word voorsien van inligting van Exclusive Boutique, 'n luukse klereboetiek in Sandton. Die inligting is geneem uit die finansiële rekords aan die einde van die finansiële jaar, 30 Junie 2023. Die vennote is M. Floyd en T. Bins. Die onderneming streef daarna om 'n 100% winsopslag op kosprys te behaal.

GEVRA:

Verwys na die inligting wat verskaf word en beantwoord die vrae hieronder.

Wanneer finansiële inligting geïnterpreteer word, verwys altyd na finansiële aanwyser/s en syfers in jou antwoord/e.

- 4.1 Bereken die winsopslag op kosprys wat die besigheid behaalt vir die jaar geëindig 30 Junie 2023. (3)
- 4.2 Verwys na jou antwoord op VRAAG 4.1. Is daar rede tot kommer? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)
- 4.3 As die onderneming nie die beoogde winsopslag van 100% behaal nie dui dit nie altyd op probleme nie.
 - 4.3.1 Gee EEN moontlike rede waarom die nie-bereiking van die beoogde winsopslag NIE 'n rede tot kommer sal wees NIE. (1)
 - 4.3.2 Gee EEN moontlike rede waarom die nie-bereiking van die beoogde winsopslag 'n rede tot kommer is. (1)
- 4.4 Bereken die bedryfsuitgawes op verkope vir die jaar geëindig 30 Junie 2023. (3)
- 4.5 Verwys na jou antwoord op VRAAG 4.4. Na jou mening, kon die onderneming sy bedryfsuitgawes goed beheer? Gee EEN rede vir jou antwoord, haal syfers aan. (2)
- 4.6 Die vennote is van mening oor die winsgewendheid van die onderneming vanaf verlede jaar verander het. Noem TWEE aanwysers, met syfers en tendense, om hul mening te staaf. (4)
- 4.7 Bereken die voorraadomsetkoers vir die jaar geëindig 30 Junie 2023. (3)
- 4.8 Verwys na jou antwoord op VRAAG 4.7. Is daar rede tot kommer? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)
- 4.9 Bereken die aantal dae waarvoor daar voorraad voorhande is. (3)
- 4.10 Verwys na jou antwoord op VRAAG 4.9. Is daar rede tot kommer? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)
- 4.11 Hoe kan 'n besigheid sy beheer oor sy debiteure en krediteure verbeter? Noem EEN manier om beheer oor debiteure te verbeter en EEN manier om beheer oor krediteure te verbeter. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die kredietbeleid van Exclusive Boutique:

- Debiteure moet hulle rekeninge binne 30 dae vereffen.
- Krediteure moet binne 60 dae betaal word om te kwalifiseer vir vroeë vereffeningskorting.
- Krediteure moet nie later as 90 dae na die aangaan van die skuld betaal word nie om die 3% per maand renteboete te vermy.

B. Syfers uit die finansiële state:

	2023	2022
Omset	4 000 000	
Koste van verkope	2 200 000	
Bedryfsuitgawes	1 888 000	
Voorraad	600 000	400 000
Handelskrediteure	140 000	60 000

C. Krediet aankope vir die jaar, R600 000

D. Finansiële aanwysers soos vir die volgende jaar bereken:

	2023	2022
% winsopslag op kosprys	?	97%
% bruto wins op verkope	45%	45%
% bedryfsuitgawes op verkope	?	30%
% bedryfswins op verkope	18%	22%
% netto wins op verkope	15%	17,7%
Voorraad omsatkoers	?	4 keer p.j.
Voorraad op vroeë	?	91,3 dae
Gemiddelde debiteure se worderingsperiode	55 dae	65 dae
Gemiddelde krediteure se betalingsperiode	91 dae	59 dae

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-bedryfslaste: Vennotebelang	Totale bates: Totale laste	